# Christenman,
# sê NEE!
# vir pornografie,
# want jy kan!

*Jy is tot alles in staat is deur Christus wat vir jou die krag daartoe gee.* (Fil.4:13)

**Anita Joubert**

***Lof aan God!***

*Aan Hom wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle onbevlek en met vreugde sy heerlikheid te laat aanskou, aan die enigste God, ons Verlosser deur Jesus ons Here, aan Hom behoort die heerlikheid en die majesteit, die krag en die mag, van alle ewigheid af, ook nou en tot in alle ewigheid.*

(Judas vers 24 en 25)

Pretoria 2011
Hierdie boekie het geen kopiereg nie.
Dit mag vrylik gedupliseer en versprei word.

# Christenman, sê NEE vir pornografie, want jy kan!

## Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| 1. Wat sê die Bybel waarheen is jy oppad? | 2 |
| 2. Wat het met jou gebeur volgens die Bybel? | 7 |
| 3. Wat sê sielkundiges van jou probleem? | 11 |
| 4. Wat moet jy aan jou probleem doen? | 17 |
| 5. Wat sê jy vir jou vrou? | 26 |

# Een

## Wat sê die Bybel waarheen is jy oppad?

Meneer, het jy Jesus al aangeneem as jou Verlosser en leef jy met die verwagting om hemel toe te gaan wanneer jy sterf, maar jy is vasgevang in ‘n donker magsgreep van skuldgevoelens en minderwaardigheid oor dit wat jy doen wanneer jy alleen is? Jy is lief vir jou vrou, maar kan haar soms nie in die oë kyk nie, want jy vrees vir die dag wanneer sy jou gaan uitvang. Julle baklei dikwels, want jou spanningsvlakke loop hoog en jy kan jouself tydens ‘n argument nie beheer nie. Jou vrou vertrou jou waarskynlik nie, want sy weet dat iets verkeerd is, maar weet nie wat nie. Jy gaan kerk toe, lees jou Bybel en bid, maar dit voel vir jou asof die Here baie ver is en jy nie geestelik groei nie. Selfs jou ander verhoudings op sosiale vlak is wankelrig, want jy voel altyd skuldig. Dan is hierdie boekie net vir jou bedoel en het God vandag met jou ‘n afspraak. Vra die Here net eers om jou geestelike oë oop te maak sodat jy kan verstaan wat jy hier lees. Dit is baie belangrik dat jy dit doen, want Satan verhoed jou om helder te dink.

Eerstens is dit baie belangrik dat ons na jou probleem kyk vanuit ‘n Bybelse perspektief. Toe die ou Kleurlingvrou, Meraai, vir Gatiep gevra het of hy dink dat hy met sy drankasem eendag in die hemel gaan kom, was sy antwoord baie vinnig en slim: “Djy sien Meraai, daar’s ‘n *technical point* van hemel toe gaan wat djy nie mooi verstaan nie. My asem gaan mos nie saam nie. Ek blaas hom mos hier op aarde uit.”

Die Here gaan verseker die dag wanneer jy voor sy regterstoel moet verskyn om rekenskap te gee van dit wat jy hier op aarde gedoen het, of dit nou goed was of sleg, nie baie geïnteresseerd gaan wees in slim redenasies soos dié van Gatiep nie (2 Kor. 5:10). God het aan ons sy Woord gegee en is baie duidelik wanneer Hy vir ons sê wat Hy van ons verwag tydens ons aardse lewe. Dit is baie maklik om God se genade en Jesus se verlossingswerk aan die kruis goedkoop te maak. Ons is wel uit genade gered, dit ís 'n gratis geskenk en ons redding is nie uit onsself nie, daarom kan ons nie daaroor roem nie, maar Jesus het 'n geweldige duur prys daarvoor betaal. Hy wat sonder sonde was, het die wreedste dood denkbaar gesterf sodat ons rein voor God kan gaan staan. Paulus sê vir ons in Efesiërs 5:27 dat Jesus 'n Kerk kom haal wat Hy sonder vlek of rimpel, heilig en onberispelik, in volle heerlikheid, by Hom gaan neem.

Dieselfde genade wat ons met ons redding ontvang het, is elke dag tot ons beskikking om aan ons die krag te gee om 'n lewe te lei wat God behaag. Paulus sê vir ons in Efesiërs 1:19 dat God dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek het, ook in ons wat glo, uitoefen.

Jesus sê in Matteus 5:27-29: *"Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreek gepleeg. As jou regteroog jou laat struikel, haal hom uit en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel beland."* Paulus sê in Efesiërs 5:5-6 dat iemand wat ontug pleeg, onsedelik lewe of 'n gierigaard is, nie deel het aan die koninkryk van Christus en van

God nie. Moet dus glad nie verbaas wees wanneer jy die dag voor Christus moet verskyn en Hy vir jou sê: “Al het jy in my Naam geprofeteer, duiwels uitgedryf of wonders gedoen, ken Ek jou nie. Gaan weg van My af.” (Matt.7:22 en 23). Mense wat in die Naam van Jesus wonders gedoen het, is mense wat een maal sy Goddelike reddingskrag leer ken het en Hom as Verlosser bely het, en tog is daar van hulle wat nie deel gaan wees nie van dié vir wie Hy gaan sê: *“Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit.”* Daar is nog etlike ander Skrifgedeeltes wat hierdie waarheid bevestig. Hebreërs 12:14 sê dat ons ons vir vrede en ‘n **heilige** lewe moet beywer, want daarsonder sal niemand die Here sien nie.

Toe Jesus sy boodskap aan die gemeente van Laudisea gegee het, het Hy gesê dat Hy hulle uit sy mond gaan spoeg, omdat hulle lou is, en nie warm of koud nie (Op. 3:16). Hierdie boodskap was nie net aan die historiese gemeente van Laudisea gerig nie, maar het ook profetiese betekenis vir Jesus se kerk van die laaste dae. Alhoewel ons nie weet wat die dag en die uur van Jesus se wederkoms sal wees nie, het Hy gesê dat ons die tekens sal herken. Baie Bybelnavorsers oor die eindtydprofesieë is dit eens dat sy koms nie meer ver kan wees nie. Ons leef ongetwyfeld in die laaste dae. Die doodse swye van die Kerk vandag oor hierdie vernietigende samelewingsonde wat besig is om soveel mense op ‘n snelweg reguit hel toe te laat gaan, se uiteinde gaan wees dat Jesus hulle uit sy mond gaan uitspoeg. Jesus sê vir ons Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe. Hy kan dus nie nie lieg nie. Baie kerke vandag preek net dit wat lidmate wil hoor en wat hulle ore streel, en nie meer die waarheid van die Bybel nie. Oor sonde moet daar asseblief tog net nie gepraat word nie. ‘n Gemeente wat lou is, het te veel koue in

hom om warm te wees, en hy het te veel hitte in hom om koud te wees. Aan die een kant word God se genade gepreek, maar aan die ander kant word sonde en dwaalleer verswyg. Lou gemeentes en lou lidmate is mislei. Hulle dink dat hulle gered is, maar hulle is nie. Hulle bely redding deur genade, maar terselfdertyd ontbreek dit hulle geheel en al aan dieselfde heerlikheid en genade van God wat hulle bely (Rom. 3:23 ). Jesus sê daarom vir hierdie selfde gemeentelede dat hulle dink dat hulle ryk is, maar hulle weet nie dat hulle beklaenswaardig, arm, blind en kaal is nie. (Op. 3:17)

Die Bybel sê ook baie duidelik vir ons dat wanneer 'n mens in sonde volhard, dit nie help om te dink jy doen allerlei ander goeie dinge in die Naam van die Here nie, soos om byvoorbeeld getrou jou tiende te gee of in ander Koninkrykswerk betrokke te wees nie. Nie een van die goeie dinge wat 'n mens gedoen het, sal in sy guns tel nie, want hy het ontrou geword en hy sal sterf op grond van sy sonde wat hy gedoen het (Eseg. 18:24)

In ons tyd hoor 'n mens dikwels dat mens iemand net deur die liefde van Jesus moet nadertrek en nie veroordelend mag wees nie. 'n Mens mag ook glo nie iemand met die hel bang maak nie. Ek glo dit is júís liefde om iemand te waarsku wat op die verkeerde pad is. In Esegiël 3:18 sê die profeet as 'n mens iemand nie waarsku teen sy bose optrede nie, sal die Here jou verantwoordelik hou vir daardie persoon se ewige dood. Judas, waarskynlik die broer van Jesus, sê in Judas 22 en 23 *"Oor die wat in twyfel verkeer, moet julle julle ontferm. Ander moet julle red deur hulle uit die vuur te ruk. Oor ander moet julle julle met versigtigheid ontferm; en verafsku selfs die klere wat deur hulle sondige luste besmet is."*

Met ander woorde, Meneer, jy wat vasgevang is in hierdie sonde van pornografie en dink dat jy niemand skade aandoen of te na kom nie, om dit vir jou in mooi, duidelike Afrikaans te stel: **“ Volgens die Woord van die Here, is jy is reguit oppad hel toe!”**

# Twee

## Wat het met jou gebeur volgens die Bybel?

Satan het het ‘n geweldige slag geslaan toe hy daarin geslaag het om Teoloë en gelowiges in ons moderne samelewing te laat glo dat hy en sy demone nie werklik bestaan nie. Sodoende kon hy onverstoord met sy vernietigingswerk voortgaan, sonder enige teenkanting. Wanneer ‘n soldaat nie eers besef dat hy ‘n vyand het wat sy dood soek nie en waarteen hy moet veg nie, dan word hy sommer in sy slaap oorval. Jesus self sê in Lukas 10:18 dat Hy die Satan soos ‘n weerligstraal uit die hemel sien val het. Ons lees in ‘n hele aantal Ou Testamentiese boeke oor Satan se bedrywighede. Veral die boek Daniël gee aan ons ‘n duidelike dimensie van die geesteswêreld wanneer die engel vir Daniël vertel van ‘n oorlog tussen die engele van God en die demone van Satan (Dan. 10) Die Evangelies openbaar vir ons baie oor Satan se vermoë om die mens te beheers, siekte te veroorsaak en selfs diegene wat hulself daarvoor oopstel, geheel en al te beset. In Handelinge 5:3 sien ons hoe aktief hy in sy pogings is om die vroeë kerk van binne te verrot en in 13:10 sien ons hoe hy mense daarvan probeer weerhou om op die Evangelie te reageer. Openbaring 20:10 beskryf ook baie duidelik die poel van vuur en swael waarin die duiwel gegooi sal word. Volgens die Bybel bestaan hy dus ongetwyfeld en is hy die mens se grootste vyand.

Geen mens kan in ‘n vyand se gevegslinie gaan rondspeel en dink dat hy ongeskonde daarvan kan afkom nie. Miskien het jy gedink dat jou pornografie-kykery net ‘n opwindende speletjie is en dat jy net bietjie nuuskierig is, en nou is dit soos ‘n donker mag wat telkens van jou gedagtes

besit neem en jy kan jouself nie keer of beheer nie. Die Bybel sê vir ons dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die bose magte in die lug (Efes. 6:12). Daarom moet ons die wapenrusting aantrek wat God aan ons gee, sodat ons weerstand kan bied in die dag van onheil (Efes.6:13). Lees gerus Efesiërs 6:10-20.

Satan en sy demone se enigste doelwit is om ons lewens, ons huwelike, en daarmee saam ook die lewens van ons kinders, te vernietig en ons saam met hom die hel in te sleep. Wanneer jou vrou jou gaan uitvang, gaan sy en jou kinders waarskynlik hul respek vir jou verloor en jou huwelik kan daarmee heen wees. Jou vrou gaan met ontsettende gevoelens van verwerping, bitterheid en onvergewensgesindheid sukkel. Indien julle skei, gaan jou kinders se kinderjare sonder die liefde, koestering en bewondering van 'n pa na wie hulle kan opsien en wie hulle kan respekteer, tot soveel verdere hartseer en seerkry lei, dat hulle so broos en kwesbaar gaan wees dat Satan in hulle lewens ook weer 'n uitstekende vasstrapplek kan kry. Hy is die grootste leuenaar en bedrieër van alle tye. Jesus het hom die vader van die leuen genoem. In die Paradys het hy die waarheid net so effens verdraai toe hy aan Eva gevra het of dit regtig so is dat God gesê het hulle mag van geeneen van die bome in die Tuin se vrugte eet nie. Die waarheid was dat hulle van alles kon eet, behalwe van die een boom van alle kennis. Indien hulle daarvan sou eet, sou hulle sterwe. Satan maak God dan tot leuenaar wanneer hy vir Eva sê: “Julle sal beslis nie sterwe nie.” Dit was 'n volslae leuen, want op daardie oomblik het die mens geestelik gesterf. Net deur die genade van Jesus se verlossingswerk kan 'n mens weer geestelik lewe.

Presies dieselfde strategie gebruik Satan vandag nog. Hy het vir jou vertel dat dit nie regtig waar is wanneer God se Woord vir jou sê dat ons rein moet lewe nie en dat ons daarsonder nie die Here sal sien nie (Heb. 12:14). Daarom het jy gedink dat dit wat jy doen, glad nie so erg is nie. Dit kan nie werklik sonde wees nie, want God lieg. Hy kan nie so wreed wees om jou so swaar te straf vir hierdie lekker ou speletjie waarmee jy besig is nie. Die waarheid is dat God heilig is en sonde haat. Daarom het Hy sy eniggebore Seun gestuur om 'n duur prys vir ons ewige lewens te kom betaal. Hy het nie van ons marionette gemaak wat willoos deur die duiwel met sy demone en ons eie sondige natuur rondgesleep hoef te word nie. **Jy het 'n keuse.** Hy het aan ons mag en outoriteit oor die duiwel gegee, deur ons verhouding met Jesus Christus en in sy Naam, maar dan moet ons die wil van ons hemelse Vader doen. Jesus sê in Joh. 14:21 *"Wie my opdragte het en dit uitvoer - dit is hy wat My liefhet…*" In Johannes 14:30 en 31 sê Jesus dat die owerste van hierdie wêreld aan die kom is, maar hy het geen mag oor Hom nie, want Hy doen die wil van sy Vader. Met ander woorde, daar is net een manier om die mag van Satan oor ons lewens te verbreek, en dit is deur die wil van God te doen. In Jakobus 4:7 sê Jakobus aan die Christene regoor die wêreld: *"Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug."*

Die strategie wat Satan vir die oorlog teen die mens gebruik, is om jou denke met gedagtes te bombardeer wat jou van God af kan wegtrek. Ons gedagtewêreld is dus sy slagveld. Dit is die rede waarom hy pornografiese beelde in jou gedagtes so suksesvol kan gebruik. Jy hou aan om daaraan te dink en omdat jy nie selfbeheersing toepas en jou denke verander nie, swig jy later voor die versoeking om weer en weer te kyk. Dit is presies dieselfde

manier waarop enige ander sonde begin, by ‘n gedagte wat jy vertroetel. So word korrupsie, diefstal en moord ook beplan. Alles begin eers in die persoon se gedagtewêreld deur ‘n gedagte wat Satan in jou denke plant. Onthou dat hy ‘n studie van elkeen van ons maak en elke mens baie goed ken. Hy ken ons swakhede, ons vrese, ons slegte selfbeelde en ons tekortkominge. Hy weet van ons seerkry in ons kinderjare en ook wat ons die meeste pla. Hy sal baie tyd daarin belê om ons te oorwin. Sy enigste drie positiewe eienskappe is arbeidsaamheid, geduld en deursettingsvermoë.

Om dus die vraag te beantwoord wat met jou gebeur het volgens die Bybel, moet ek vir jou sê: **“Jy is in die mag van Satan en sy demone deur jou eie toedoen.”**

# Drie

## Wat sê sielkundiges van jou probleem?

Dit is baie belangrik om te verstaan hoe die mens se brein werk en hoe dit ons gedrag beïnvloed. Sodoende kan 'n mens homself en sy eie optrede beter verstaan. Diep in die geheime, onbewuste kern van die brein is die **reptielbrein** geleë. Dit is die oudste, mees primitiewe deel van die brein. Meganiese, onbeplande beweging word hier moontlik gemaak. Dit is koud en **sonder emosie**, ingestel op oorlewing en selfverdediging, soek kos en seks en reguleer funksies soos slaap en wakker word. Die area in die reptielbrein waar die seksdrang gesetel is, is twee maal so groot by dié van 'n man as by dié van die vrou. Die **soogdierbrein** lê direk om die reptielbrein en is die sentrum van **onbewuste emosies**. Hierdie twee vorm saam die **limbiese stelsel** en is die emosionele sentrum van 'n mens se brein. Die limbiese stelsel verbind ook 'n mens se gedagtes met jou liggaam sodat die liggaam op jou gedagtes kan reageer, of dit nou positiewe of negatiewe gedagtes is. Wanneer jou gedagtes positief is, skei jou liggaam goeie hormone af wat jou rustig en gelukkig maak. Wanneer jy gedagtes van vrees, woede of bitterheid koester, skei jou liggaam spanningshormone af wat veroorsaak dat jou liggaam onmiddellik met 'n *veg-of-vlug* reaksie reageer. Die limbiese stelsel beskik nie oor logika nie. Omdat dié deel van die brein onmiddellike bevrediging soek, kan dit 'n man se hele lewe beheer wanneer hy emosioneel onvolwasse is en nooit geleer het om deur selfbeheersing, homself soos 'n volwasse mens te gedra nie. Daar kan baie redes daarvoor wees.Trauma en die pynlike emosies wat daarmee saamgaan, steek dikwels, veral gedurende die kinderjare, in die geheue vas en speel

lewenslank ‘n sterk rol in so ‘n persoon se gedrag, al kan hy lankal nie meer dié traumas herroep nie. So ‘n persoon gooi maklik *tantrums* soos ‘n klein kindjie wanneer hy sy humeur verloor, vloek, skel en skree, jaag soos ‘n mal mens met sy motor rond, ensovoorts. As ‘n prentjie eers in die geheue vasgevang is, is dit moeilik om hom sover te kry om daarvan te vergeet, want die limbiese stelsel verstaan nie woorde en redenasie nie

Die buitenste laag van die brein is die **korteks.** Dit is die intellektuele, redenerende deel van die brein wat idees kan uitdink, kan beplan, emosies integreer, selfbeheersing kan toepas en nuwe denkwyses en beplanning kan toepas. Wanneer ‘n persoon in sy kinderjare nie emosioneel tot volwassenheid begelei is nie, het hy nooit geleer om optimaal te funksioneer en sy optrede deur sy korteks te laat beheer nie. Soms kan net ‘n klein deeltjie van ‘n mens se korteks uitskakel. Die persoon tree dan irrasioneel en kinderagtig op. Onder uiterste omstandighede kan feitlik die hele korteks se werking uitgeskakel word en kan die persoon in onbeheersde primitiewe gedrag verval. Dit is presies wat ‘n man doen wanneer hy toelaat dat sy denke deur onrealistiese seksuele fantasieë en optredes oorheers word. Dit is dus dan emosioneel onvolwasse optrede, gedryf deur die limbiese stelsel en nie die korteks nie, wat sy gedrag beheer.

‘n Man se seksuele drange en behoeftes is baie meer visueel ingestel as dié van vroue. Hy word baie makliker seksueel gestimuleer deur dit wat hy sien as ‘n vrou. Hy kan ook baie makliker daarin slaag om dít wat hy in die geheim doen, in ‘n ander kompartement van sy brein te plaas as dié een waarin sy liefde en respek vir sy vrou gesetel is. Dis vir hom relatief maklik om teenstrydighede uit mekaar te hou sodat hy nie op bewuste vlak daarmee

gekonfronteer word nie. Daarom dink hy dat hy niemand skade doen nie, solank iemand net nie daarvan uitvind nie. Dit is dan ook die rede waarom mans baie makliker aan pornografie verslaaf raak as vrouens. So ‘n man se optrede maak hom natuurlik ongelooflik skelm en hy sal lieg sonder om te blik of te bloos om te verhoed dat hy uitgevang word.

‘n Mens se linkerbrein kommunikeer meer deur middel van logika, spraak, kontrole en orde. Die regterbrein se kommunikasiemiddele is oorheersend gevoel, verbeelding, stemtoon en kreatiwiteit. Vroue is oor die algemeen meer geneig om die hele brein te betrek by wat hulle doen, terwyl die man gespesialiseerde dele van die brein vir gespesialiseerde take gebruik. Daarom kan ‘n vrou gewoonlik meer as een ding op ‘n slag doen en is hulle intuïsie baie beter ontwikkel. Hierdie verskille speel ‘n baie belangrike rol in ‘n huwelik. ‘n Man sal na ‘n rusie probeer regmaak met seks, terwyl ‘n vrou nie tot seks geneë is wanneer dinge nie reg is nie. Sy wil dit eers reg praat. Wanneer hy dan toenadering soek op seksuele gebied, kan sy dit as verwerping ervaar omdat sy voel dat haar gevoelens nie in ag geneem word nie. Hy ervaar weer haar koue reaksie op sy toenadering as verwerping. Dit kan weer daartoe lei dat, wanneer hy emosioneel onvolwasse is en nog nooit geleer het om sy gedrag deur sy korteks te laat beheer soos ‘n volwasse, intelligente mens nie, hy hom tot seksuele fantasieë, pornografie of buite egtelike verhoudings kan wend.

Sommige sielkundiges beweer dat hierdie ‘n verslawing is wat erger is as om aan kokaïne verslaaf te wees. Daar is sielkundiges wat sê dat ‘n mens se liggaam verskeie erotiese hormone afskei wanneer hy pornografie kyk en dat hy dus daaraan verslaaf raak. Daar is egter ander sielkundiges wat die

siening huldig dat ‘n mens se liggaam presies dieselfde hormone afskei wanneer hy normale gebalanseerde seks het, en dat hy nie daaraan verslaaf raak nie. Waarom sal hy dan verslaaf raak wanneer hy pornografie gebruik? Sielkundiges het ook bevind dat seksuele verslawing normaalweg progressief toeneem en selde vanself verbeter. Soos wat die tyd toeneem, ontwikkel hulle behoefte aan meer gereelde en meer ekstreme blootstelling om dieselfde mate van opwinding te ervaar. Dr Phil Moore, ‘n ervare sielkundige in Amerika, sê dat daar bewyse is dat daar ‘n definitiewe verband is tussen seksuele misdade en voorafgaande pornografie-verslawings. In sy studies het hy vasgestel dat pornografie-verslawing ‘n baie ernstige en geweldig skadelike probleem is. Volgens hom kom dit in **drie vlakke** voor. Op **vlak een** is die persoon se gedrag beperk tot seksuele opwekking deur die pornografie waarna hy kyk en dit dan uitloop op masturbasie. ‘n **Vlak twee** verslaafde se gedrag raak baie ernstiger en mag manifesteer in meer ekstreme optredes soos seksuele molestering, talle oppervlakkige seksuele verhoudings en ontbloting. Op **vlak drie** word so ‘n persoon ‘n baie ernstige gevaar vir die samelewing omdat hy oorgaan tot kindermolestering en verkragting. Dr Moore sê daar is ‘n opmerklike aanduiding dat mense wat op vlak drie funksioneer, op vlak een begin het.

Roschbeth Ewald is ‘n sielkundige wat sê dat seksuele en pornografie-verslawing gewoonlik na die kinder- of tienerjare teruggevoer kan word. Meer as die helfte van verslaafdes is in hul kinderjare gemolesteer. Kinders het ook heel dikwels in ‘n disfunksionele huis onder erg vyandige of verwaarloosde omstandighede grootgeword. Sommige se omstandighede kon normaal voorgekom het, maar die kind het gesmag na liefde, aandag en aanvaarding. Geleidelik het seks ‘n plaasvervangende handeling geword

waarna hy homself kon wend in tye van ongelukkigheid, angs, verveling en minderwaardigheidsgevoelens. Die kind sal dan herhaaldelik masturbeer om sodoende van sy werklikheid te ontsnap. Wanneer ‘n kind op ‘n onvanpaste wyse te vroeg aan seksuele bedrywighede blootgestel is, kan die skok van die ondervinding ook daartoe lei dat die kind konstante gedagtes oor seks en masturbasie het wat sy lewe oorheers. Masturbasie kan volgens haar, egter ook ‘n normale en natuurlike deel van ‘n kind se kinderjare wees, omdat hy nuuskierig is en nuutgevonde gevoelens van genot ontdek. ‘n Normale, goedaangepaste kind behoort daarmee op te hou wanneer hy volwassenheid bereik en in ‘n gesonde liefdesverhouding betrokke raak. In ons hedendaagse samelewing waar dit so maklik is om pornografie te bekom, gebeur dit ook egter dat tieners uit blote nuuskierigheid daarna begin kyk en dan na ‘n tyd agterkom dat hulle nie weer kan ophou nie.

Seksverslaafdes kan glad nie verstaan waarom hul gedagtes voortdurend gevul is met gedagtes oor seks, masturbasie of om seks met iemand anders as hul huweliksmaat te hê nie. Hulle het geen idee watter risiko hul loop nie. Hulle lewens voel buite beheer en hul verslawing ontneem hulle geheel en al van hul selfvertroue. Die verslaafde voel so skaam onmiddellik nadat hy in seksuele handelings betrokke was wat in stryd is met sy morele standaarde, veral nog meer wanneer hy veronderstel is om die Here Jesus te ken en elke dag tussen Christene leef, dat hy die werklikheid vir homself ontken. Dit lei daartoe dat hy ‘n dubbele lewe kan lei. Hy kan maklik ‘n gerespekteerde persoon in sy omgewing wees, maar in skokkende seksuele bedrywighede betrokke wees wat niemand van hom sou verwag nie. So ‘n persoon se optrede maak hom nie minderwaardig nie, maar sy skuldgevoelens ontneem hom van sy positiewe kwaliteite en verberg sy ware persoonlikheid. So ‘n

man ontwikkel dikwels in ‘n bombastiese, ongeskikte eggenoot en is gewoonlik ‘n regte beheervraat. Sy skuldgevoelens jaag hom so dat hy buite beheer voel en deur beherende en manipulerende gedrag probeer om sy beheer terug te kry.

Die vrye toegang tot die internet het veroorsaak dat hierdie probleem geheel en al hande uitruk en ons samelewing, gesinne, huwelike en kinders se lewens vernietig word. Mense wat verslaaf is, gee nie om om hulself finansieel uit te roei en fortuine te spandeer aan internet- en telefoonrekenings nie. Dit kan tot so ‘n mate met sy werksituasie inmeng en sy produktiwiteit beïnvloed dat hy sy werk kan verloor. Die verslaafde se skuldgevoelens kan dikwels tot depressie lei wat weer aanleiding tot selfmoordgedagtes kan gee. Hy haat homself en sy verhoudings met familie en vriende is nooit baie goed nie. As hy ‘n huweliksmaat het, tree hy vyandig teeoor haar op, bloot omdat hy skuldig teenoor haar voel.

**Alhoewel sielkundiges verskillende opinies oor die probleem het, is hulle almal dit eens dat dit ‘n uiters gevaarlike en vernietigende verskynsel is wat besig is om die samelewing te verwoes.**

# Vier

## Wat moet jy aan jou probleem doen?

Die wonder van God se genade is, dat solank as wat jy lewe, dit nooit te laat is om jouself van sonde te bekeer nie. Vir die moordenaar wat aan die kruis langs Jesus se kruis gehang het, het Jesus gesê, nadat hy Hom om genade gesmeek het: *"Ek verseker jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees* (Luk. 23:43). Wees dus innig dankbaar dat die Here jou lewe tot vandag gespaar het en jou nog 'n geleentheid gegee het. Jesus sê in Openbaring 3:19 en 20: *"Laat dit dan vir julle erns wees en bekeer julle. Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My."* Elke sondaar se bekering van sy sondige weg, is vir Jesus so kosbaar, dat Hy saam met hom wil feesvier. Die Bybel sê vir ons die engele van die hemel juig elke keer wanneer dit gebeur. Ons lees drie maal in die Ou Testament dat God geween het, en dit was elke keer oor sy volk se hoogmoed, eiesinnigheid en sonde. Vir die Here is ons sonde 'n hartseer saak, want Hy het aan ons alles gegee wat ons nodig het om 'n lewe te lei wat binne sy wil is. **Ons het geen verskoning nie.**

Dr Caroline Leaf is 'n bekende Neuro-Metakognitiewe spesialis. Sy is ook 'n Christen en het 'n interessante boek geskryf, vanuit 'n mediese perspektief, oor hoe die mens se gedagtewêreld funksioneer. Die titel van die boek is: *Who switched off my brain? - Toxic thoughts, emotions and bodies.* Sy sê 'n mens het reg in die middel van sy brein 'n klein, C-vormige struktuurtjie, min of meer so groot soos jou duim. Dit word die *Corpus*

*callosum* genoem. Dit verbind die twee dele van die brein met mekaar en integreer herinneringe en plaas gedagtes in perspektief. Dit analiseer alle inligting wat deur jou vyf sintuie, jou denke binnekom. Hierdie klein struktuurtjie in jou brein is dus eintlik soos ‘n sif vir jou gedagtes. Dit gee aan jou ‘n eie vrye keuse wat niemand anders kan oorheers nie. Dit is deur hierdie *Corpus callosum* dat ‘n mens ‘n keuse kan maak waaroor hy wil dink of nie. Wanneer Paulus vir ons in Filippense 4:8 sê om ons gedagtes te rig op alles wat edel, reg, rein, mooi en prysenswaardig is, dan beteken dit dat God aan ons liggame die nodige hulpmiddel gegee het om dit te kan doen. Hy verwag nie van ons iets wat nie vir ons moontlik is nie.

**Stap 1**

Jou eerste stap is dus om jou sonde te erken en te bely en die Here te vra om jou te vergewe en te help om uit die mag van Satan los te kom. Die apostel Johannes, die een vir wie Jesus besonder lief was, skryf in die Johannesbrief dat Jesus getrou en regverdig is en ons sonde vergewe wanneer ons dit bely. Hy reinig ons van alle ongeregtighede (1 Joh. 1:9).

**Stap 2**

Jou tweede stap is om jou sonde aan iemand anders te erken. Jakobus sê in Jak. 5:16: “Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.” Die rede hiervoor is dat die duiwel nie meer ‘n houvas oor iets kan hê wat aan die lig gekom het nie, want ons as gelowiges, is mense van die lig. As jou vrou werklik ‘n pad met die Here stap en emosioneel sowel as geestelik volwasse is, is dit die heel beste om haar vir

so ‘n belydenis te kies. Sy is die aangewese persoon om jou by te staan, aangesien sy jou lief het en jy ‘n intieme verhouding met haar het. As sy daarin kan slaag om groter as hierdie situasie te wees en ook jou genesing en redding begeer, sowel as die herstel van julle huwelik en die welstand van julle kinders, kan sy jou help. Jy moet baie goed verstaan dat dit vir haar ‘n geweldige skok gaan wees. Sy gaan sukkel om jou weer te vertrou. Julle kan dit egter saam met die Here deurwerk en dan is die kans baie goed dat julle baie nader aan mekaar gaan wees en ook aan die Here. Paulus sê in Efesiërs 5:31 en 32 dat ‘n man sy ouers sal verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees. Hy sê daarin is ‘n diep geheimenis opgesluit wat hy van toepassing maak op Christus en die kerk. Ons huwelike moet dus ‘n beeld van Christus en sy kerk weerkaats, eers dan sal dit werklik ‘n huwelik wees. Dit wat jy gedoen het, was owerspel, en al het jou vrou nie daarvan geweet nie, kon julle huwelik nie die beeld van Christus en sy kerk in die geesteswêreld weerkaats nie, want daar was nie Goddelike eenheid tussen julle twee nie. Satan haat die Here Jesus met alles wat in hom is en probeer sy bes, nie net om ons te vernietig nie, maar ook om die beeld van Jesus skade aan te doen. Jou ware genesing lê daarin dat jou vrou jou kan vryspreek en julle saam die Here se vergifnis en heling vir julle huwelik soek. Omdat julle in die geestelike realm een is, het jou sonde haar ook beïnvloed. Julle talle rusies en onenigheid, het haar gebind en daarvan weerhou om met vrymoedigheid vir die Here te getuig.

As jy regtig nie daarvoor kans sien nie, kies dan ‘n goeie vriend wat ‘n volwasse Christen is en wie jy kan vertrou en vertel dit vir hom. Vra hom om gereeld saam met jou te bid en jou teenoor hom verantwoordbaar te hou. Hy moet jou gereeld bel en vra of jy nog op die regte pad is. Dit sal jou

aanspoor om hom nie teleur te stel nie. Moenie probeer om jou verslawing ‘n geheim te hou en op jou eie te probeer oorkom nie. **Jy gaan dit nie regkry nie!**

**Stap 3**

Doen onmiddellik alles in jou vermoë om versoekings te vermy. Jy sal self weet watter omstandighede vir jou die grootste versoeking was. Jesus sê in Markus 9:47 en 48 *“En as jou oog jou van My afvallig laat word, pluk hom uit! Dit is beter dat jy met een oog die koninkryk van God ingaan as dat jy twee oë het en in die hel gegooi word. Daar gaan die wurm nie dood nie en word die vuur nie geblus nie.”* Uit hierdie uitspraak van Jesus is dit baie duidelik dat jy tot die uiterste optrede moet gaan om te verhoed dat jy in die hel beland. Sny die internetverbinding op jou foon af en plaas filterprogramme op jou rekenaar waarvan iemand anders die toegangskode ken en jy nie. Moenie laataand alleen sit en televisie kyk nie. Doen enigiets waaraan jy kan dink om jouself uit die versoeking te hou, al is dit ook hoe ekstreem.

**Stap 4**

Sorg dat jy nooit onnodig alleen en verveeld rondsit nie. Gebruik die tyd om uit jou Bybel te lees en te bid. Sorg dat jy baie tyd saam met die Here spandeer. Lees goeie Christelike boeke. Sing lofprysingsliedere of speel lofprysingsmusiek. Kry vir jou iets nuut en lekker om te doen soos ‘n nuwe stokperdjie en gaan oefen gereeld sodat jou liggaam moeg kan wees en jou gedagtes besig.

**Stap 5**

‘n Eenvoudige resep vir oorwinning is om God se Woord voortdurend te oordink en te bely. Druk vir jou ‘n paar Bybeltekse uit wat vir jou besondere betekenis het en plak dit op waar jy dit dikwels kan lees, veral op die plek waar jy dalk in versoeking kan val, soos by jou rekenaar. Paulus skryf dat ons ons gedagtes moet rig op alles wat waar, edel, rein, mooi en prysenswaardig is; elke deug en lofwaardige saak (Fil. 4:8).

**Stap 6**

Daar is sielkundiges wat aversie- en assosiasie-terapie aanbeveel. Hulle stel voor dat jy ‘n negatiewe gedagte gereed hou vir die oomblik wanneer beelde jou gedagtes begin oorspoel, soos byvoorbeeld om aan iets te dink wat ontsettend stink. Daarenteen moet jy vir jou ‘n positiewe gedagte gereed hê waaraan jy dan onmiddellik kan dink, enigiets wat vir jou besonder aangenaam en mooi is. Vir ‘n Christen is dit baie maklik, aangesien jy onmiddellik vir jouself die skuldgevoelens wat jy na die tyd gaan beleef, kan oordink. Skep ook vir jouself ‘n beeld van die ewige vuur soos die Bybel dit beskryf en dink onmiddellik daaraan, beleef in jou denke die verskrikking en hopeloosheid daarvan. Dink daaraan dat dit jou uiteinde gaan wees. Daarenteen kan jy jou gedagtes rig op die dinge wat daarbo is. Gaan lees in Openbaring hoe die nuwe hemel en die nuwe aarde lyk wat Jesus vir Johannes in sy visioen gewys het, en wat Hy vir ons, wat sy geseëndes is, gereed gemaak het. Die nuwe Jerusalem het die heerlikheid van God: sy glans is soos dié van kosbare edelsteen, soos ‘n kristalhelder opaal (vers 11).

**Stap 7**

Dr Phil Moore is van mening dat pornografie-verslawing en masturbasie hand-aan-hand loop. Hy het twintig jaar lank ervaring in sy werk met pornografie-verslaafdes en sê dat almal wat hy gehelp het, dit eens is dat die gebruik van pornografie tot masturbasie gelei het en dan daar gestop het, behalwe natuurlik wanneer die probleem vererger het na ‘n hoër vlak verslawing. Hy sê die probleem is met ander woorde eintlik masturbasie, en nie pornografie nie. Die probleem wat oorkom moet word, is dié van masturbasie. Dit is eintlik ‘n baie eensydige benadering, maar dit het tog waarde om daarvan te weet. Hy het baie groot sukses met sy terapie behaal, ten spyte daarvan dat die basis daarvan geensins Christelik geïnspireerd is nie. Hoeveel te meer kan ‘n persoon wat sy krag uit sy geloof put en sy hoop bou op Jesus wat hom vrygekoop het uit die mag van sonde en die dood, nie sukses behaal nie. Dr Moore se gevolgtrekking is dat dit nie die pornografie is wat die werklike *kick* gee nie, maar die masturbering en die orgasme. Hy sê as die verslawing aan masturbasie dan die kernoorsaak van die pornografie-verslawing is, dan moet ‘n persoon masturbasie ten alle koste voorkom. As pornografie die werklike verslawing was, sou die verslaafde aangehou het om daarna te kyk nadat hy ‘n orgasme bereik het, maar nie een van hulle het dit gedoen nie. Hy sê in ‘n verslaafde se gedagtewêreld, skep masturbasie, saam met die gebruik van pornografie, die vals illusie dat dit meer bevredigend is as werklike seksuele omgang met sy vrou. Hy leef dus in ‘n fantasiewêreld van sy eie, maar na die gebruik van pornografie en die gevolglike masturbering, is dit vir hom teleurstellend, ‘n anti-klimaks. Hy voel vuil en skuldig en daar is niks van die gelukkige, aangename gevoel van tevredenheid, geluk en eenheid soos wat ‘n mens beleef wanneer jy seksueel verkeer het met die persoon wat jy liefhet nie.

Die vraag is waarom wil hy dan masturbeer? Dit is dalk ‘n baie goeie idee om Jesus se raad in Markus 9:43 te volg wanneer Hy sê: *“As jou hand jou van My afvallig laat word, kap hom af! Dit is beter dat jy vermink in die lewe ingaan as dat jy altwee jou hande het en na die hel toe gaan, in die onblusbare vuur.”*

**Stap 8**

Jy is die enigste persoon wat weet wat jou daartoe beweeg het om pornografie te kyk en te masturbeer. Jy sal weet wat die omstandighede was toe jy dit die laaste keer gedoen het. Sorg dat jy soortgelyke omstandighede beter hanteer of vermy. Veronderstel dit het byvoorbeeld gebeur na ‘n rusie met jou vrou en jy het geregverdig gevoel om dit te doen. Sal jy onmiddellik ‘n diefstal gaan pleeg net omdat jy besef het dat jy nie genoeg geld het om iets te koop nie? Jy sou mos dan ook geregverdig kon voel om dit te doen. Nee, jy sou nie. Jy sou ‘n plan beraam het waarop jy jou begroting kon laat klop of meer geld verdien. Dit is mos baie meer sinvol om aan jou verhouding met jou vrou en julle kommunikasie te werk. Jy het mos met haar getrou omdat jy haar lief het. Kom ons kyk wat sê die |Bybel oor selfregverdiging en eiesinnigheid in 1 Samuel 15:23 *“Weerspannigheid is net so erg as die sonde van waarsêery; eiesinnigheid net so erg as die bedrog van afgodery.”*

**Stap 9**

Vra die Here om jou heel te maak van alle gevoelens van onsekerheid, minderwaardigheid en *nie goed genoeg voel nie*. Jy sal self weet of jy sonder ‘n pa grootgeword het; ‘n swak verhouding met hom gehad het; gevoel het dat jy nie aanvaar word nie; gesmag het na aandag, liefde en belangstelling

in jou prestasies toe jy op skool was, ens. ‘n Kind het ‘n vaderfiguur se liefde, belangstelling en bewondering ontsettend nodig om met ‘n goeie selfbeeld groot te word. Miskien het kinders jou gespot of moes jy dikwels van skole verwissel en dit het jou minderwaardig en onseker laat voel. Gaan sonder eendag af saam met die Here en vra hom om jou te help. Ek het in hoofstuk drie gesê dat die soogdierbrein nie woorde of redenasies verstaan nie. Dit is die deel van die brein waar die seer van jou kinderjare vasgesteek het en nog steeds veroorsaak dat jy jou soos ‘n kind gedra. Daar is egter een taal wat die soogdierbrein wel verstaan, en dit is die taal van prentjies of verbeelding. Dit is ook waarom die beelde van jarelange pornografie-verslawing so ‘n geweldige houvas op jou kry. As jy egter in die teenwoordigheid van die Here jou verbeel dat jou verhouding met jou pa goed was, soos wat dit die volmaakte wil van God was vir jou, dan verstaan jou soogdierbrein dit en vervang dan letterlik die beelde van seer en stukkende kinderjare. Sien in jou verbeelding hoedat jou pa trots is op jou wanneer hy na byvoorbeeld jou rugbywedstryd kom kyk, ens. Sien jouself waar kinders jou aanvaar en met jou speel, wat ookal die probleem was. Dit is amper soos ‘n rekenaar waarop die ou inligting verwyder word en nuwe inligting gelaai word. Jy sal verstom wees hoeveel vrede en genesing jy daardeur kan ervaar. Onbewustelik streef elke mens na heelheid en balans binne homself. Ongelukkig versterk ons dikwels die wanbalans deur tegnieke wat ons, uit onkunde, gebruik om beter te voel oor onsself, soos byvoorbeeld alkoholmisbruik, dwelmmisbruik of seksmisbruik. Elke mens streef eintlik na selfbemagtiging. Dit beteken ‘n stil, innerlike sekerheid van wie ek is, kosbaar in die oë van God, met ‘n vaste en seker wete waarheen ek op pad is; na ‘n volmaakte ewige lewe saam met God in die hemel. Dit sluit in ‘n gesonde eiewaarde, selfliefde en selfrespek. Dit is hoe die Here dit

wil hê, maar ongelukkig laat die mensdom toe dat die Satan ons geneigdheid tot sonde gebruik om ons van hierdie voorreg te beroof.

**Stap 10**

As jy nie jou probleem kan oorkom nie, gaan soek professionele hulp. Doen alles wat jy kan binne jou vermoë. Moet net nie moed opgee nie!

Dit is werklik net die verlossende genade van Jesus Christus wat jou kan bevry en genees. In Deuteronomium 30:19 het Moses aan die volk gesê: *"Ek roep vandag die hemel en die aarde tot getuie teen julle dat ek die lewe en dood aan jou voorgehou het, die seën en die straf. Kies die lewe, sodat jy en jou nageslag kan lewe."*

Nadat ek ook nou in hierdie boekie aan jou die lewe en die dood voorgehou het, wil ek hierdie selfde woorde vir jou sê:

**KIES DIE LEWE!**

**GOD HET JOU, JOU VROU EN JOU KINDERS BAIE LIEF.**

# Vyf

## Wat sê jy vir jou vrou?

*Indien jy sou besluit om jou vrou se hulp in te roep met jou probleem, kan jy haar vra om hierdie hoofstuk te lees wat ek spesiaal vir haar skryf sodat sy jou probleem beter kan verstaan. Ek wil dit weereens beklemtoon dat sy die beste persoon is om jou te help.*

Mevrou, wat sou jy gedoen het as jou man by jou sou kom en vir jou vertel dat hy 'n fout begaan het wat veroorsaak het dat hy nou in die mag van 'n Mafia-bende beland het wat, nie net sy ondergang en dood soek nie, maar ook dié van jou, julle kinders en julle huwelik? Hulle jaag hom dag na dag en hy weet nie meer wat om te doen nie. Jy sou heel waarskynlik onmiddellik saam met hom wou bid en hulp soek van iemand wat julle kan beskerm. Jy sou saam met hom alles wou doen wat jy kan om hom uit hierdie bende se mag te kry. Dit is eintlik presies wat met hom gebeur het. Die verskil is net dat dit nie 'n Mafia-bende is nie, maar 'n demoniese bende. Hulle soek nie net julle fisiese dood nie, maar ook julle geestelike dood.

Jy kan 'n baie groot rol speel om jou man uit die kake van die ewige dood te red. Die feit dat hy aan pornografie verslaaf geraak het, beteken nie dat hy jou nie liefhet nie. Dit beteken nie dat hy jou nie aantreklik vind nie en dat hy nie baie sleg voel oor dit wat hy doen nie. Sy brein het eintlik siek geword, amper soos 'n rekenaar met 'n verwoestende virus op. Jy kan hom help om gesond te word. Die feit dat hy openlik met jou was, beteken dat hy

werklik gehelp wil word. Dit is normaal indien jy geskok en kwaad is, maar vra die Here om jou te help om hom te vergewe en hom by te staan. Jy gaan waarskynlik sukkel om hom weer te vertrou in die toekoms, maar jy het ontsettend baie om te wen. Dink aan jou huwelik, jou kinders se geluk en ewige toekoms, maar bowenal aan jou man se redding. Werk saam aan julle huweliksverhouding en kommunikasie, sodat hy in die toekoms die vrymoedigheid sal hê om vir jou te sê wanneer hy probleme het. As dit nodig is, gaan spreek ‘n goeie Christenberader.

Sielkundiges is dit eens dat die diepgewortelde oorsaak van seksuele verslawing ‘n swak selfbeeld is. Dit lyk miskien dalk glad nie so nie, maar ‘n man se ego is baie ingewikkeld en sensitief en kan maklik seerkry.

‘n Baie interessante boek is in 1965 deur ‘n Christen Amerikaanse skryfster, Helen Andelen, geskryf. Hierdie boek is sedertdien ses keer herdruk en meer as twee miljoen kopieë daarvan is verkoop. Dit is nog steeds in die handel verkrygbaar. Die titel daarvan is *Fascinating Womanhood* en die impak wat hierdie boek deur die jare op letterlik duisende huwelike gehad het, was fenomenaal. Die skryfster het in die 1960’s ondersteuningsgroepe vir vroue in Amerika gestig waar hulle kon leer hoe om teenoor hulle mans op te tree. Getuienisse van hierdie vroue, van wie baie se huwelike reeds heeltemal verbrokkel was en wat wonderbaarlik herstel het, is ‘n bewys daarvan dat Helen Andelen werklik Goddelik insig ontvang het.

Haar benadering is, in kort, daarop gebaseer dat ‘n man ‘n ontsettende behoefte daaraan het dat sy vrou hom moet aanvaar, waardeer en bewonder en dat hy nommer een in haar lewe wil wees. Hy wil graag die hoof,

beskermer en voorsiener van die gesin wees. Sy vrou moet nooit sy manlike trots verwond nie en wanneer hy met wonde terugkeer vanaf die lewe se slagveld, moet sy vrou sy goeie engel wees wat hom weer opbou. Helen sê dat ‘n man se vrou die twyfelagtige voorreg het dat sy dié een is wat sy selfbeeld kan opbou of vernietig, afhangend van hoe sy sy manlike ego hanteer. Vanaf sy kinderjare het ‘n klein seuntjie ‘n ontsettende behoefte daaraan om te voel dat hy ‘n held is. Hy het sy pa se bewondering en aandag baie nodig. ‘n Klein dogtertjie daarenteen wil graag voel dat sy mooi en bekoorlik is en dat haar pa baie lief is vir haar. Elke mens behou hierdie afsonderlike behoeftes dwarsdeur sy lewe. Dit is egter dan net die lewensmaat in plaas van die vader-figuur wat hierdie behoeftes moet vervul. Twee baie goeie boeke wat oor hierdie onderwerp gelees kan word, is dié van John en Stacey Eldredge, *Wild at heart* en *Captivating*.

As julle verhouding reeds so verswak het dat jy nie vrymoedigheid het om mooi dinge vir jou man te sê nie, skryf vir hom ‘n brief. Sê vir hom die mooi dinge wat in jou hart was toe jy met hom getrou het. Jy het hom mos liefgehad. Moenie sommer self besluit dat sy selfbeeld niks makeer nie. ‘n Man kan ‘n baie goeie front voorhou. Doen dit net. Die resultate is die moeite werd! Bid regtig baie vir julle huwelik. Ek dink dat as ons net die vaagste benul gehad het watter ontsettende krag daar in ons gebede is, dan sou ons baie meer van ons tydmors-bedrywighede vir gebedstyd verruil het.

Indien jou man aan depressie ly, gaan saam met hom dokter toe sodat hy medikasie vir sy probleem kan kry. Doen alles in julle vermoë om te oorwin. **Die Ewigheid saam met God, is dit werd**!!

## Iets oor die skryfster:

Die skryfster van hierdie boekie is ‘n eggenote, ma en ouma. Sy is lief vir die Here Jesus omdat sy Hom ken as haar Verlosser en ‘n pad vanaf haar kinderjare met Hom stap. Sy ken die Bybel, omdat sy dit lees. Sy ken mense, omdat hulle vir haar interessant is. Sy dra kennis van baie verskillende onderwerpe, omdat sy graag wyd lees en het ‘n ontsettende passie vir verloregaande mense, en wil hulle graag waarsku.

Sy het as jongmeisie ‘n B.A. aan U.P. behaal met Afrikaans, Sielkunde en Bybelkunde as hoofvakke. Sy het later ‘n H.O.D. nagraads ook aan U.P. behaal en heelwat later in haar lewe het sy ‘n M.Phil. in Toegepaste Teologie met lof aan die Teologie Fakulteit van die Universiteit van Pretoria behaal.

Haar motivering vir die skryf van hierdie boekie kom vanuit Judas 22 en 23 *“Oor die wat in twyfel verkeer, moet julle julle ontferm. Ander moet julle red deur hulle uit die vuur te ruk. Oor ander moet julle julle met versigtigheid ontferm; en verafsku selfs die klere wat deur hulle sondige luste besmet is.”*